Die Boodskapper

JAARGANG 18 # 22

Gereformeerde Kerk Phalaborwa

Jansenssingel 67
Phalaborwa
1389

19 Mei 2024

EREDIENSTYE: Eredienste om 08:30 en 10:00

DIENSBEURTE:	DIENSBEURTE:	SKINKBEURTE:
Ouderlinge (vandag): Wyk 2 – Tjitte Alkema **Diakens (vandag):** Wyk 2 – Lizannè Opperman	**Ouderlinge (volgende week):** Wyk 3 – Lappies Labuschagne **Diakens (volgende week):** Wyk 3 – Thinus Opperman	**Enige hulp by die tee skink Sondae sal waardeer word.** .

KOLLEKTES

Hierdie Sondag:

Sakkies: Barmhartigheid
Deure: Sustentasiefonds

Volgende Sondag:

Sakkies: Barmhartigheid
Deure: Emeritaatsfonds

KATKISASIE

Graad RR tot Graad 11

Vandag: - Geen agv Nagmaal
Volgende Sondag: 09:15

BYBELSTUDIE GELEENTHEDE

Gemeente en Jeug Bybelstudie:
Donderdag: - 08:00 & 18:00
Volgende Donderdag: 08:00 & 18:00

Bybelskool vir Huis- en Tuinhulpe:
Dinsdag: 13:00
Volgende Dinsdag: 13:00

Manne Bybelstudie:
Hierdie Vrydag: 05:30
Volgende Vrydag: 05:30

EERSTE DIENS:
Tyd: 08:30
gelei deur Ds. Franscois Pretorius

Lofprysing:
Votum en Groetseën
Lofsang: Psalm 138 – 1 vers 1 en 2
Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofs-belydenis (12 Artikels)

Verootmoediging:
Die wet: Eksodus 20 verse 1 tot 10
Sing: Psalm 130 – 1 vers 1 en 2
Gebed.

Woorddiens:
Sing: Psalm 118 – 1 vers 1 en 12

Skriflesing: Johannes 4 vers 1 tot 26
Fokusvers: Johannes 4 vers 23 en 24

Johannes 4 vers 23 en 24 (NAV)

[23]Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. [24]God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

Johannes 4 vers 23 en 24 (OAV)

"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

Tema: Die Genade gawe van tekens en seëls.

In ons nagmaalserediens staan ons vanoggend stil by die ongemaklike ontmoeting tussen Christus en die Samaritaanse vrou, in Johannes 4. Wanneer hierdie vrou besef dat Jesus 'n geestelike persoon, 'n profeet in haar woorde is, vra sy Hom uit oor geloofsake. En dit is die vraag ook aan ons vanoggend, wat van geloofsake? Hoe sien ons aanbidding, ons verhouding met die Here? Is dit nog iets waaraan ons aandag gee? Kom ons gebruik weer vanoggend die genade middele wat deur die Here aan ons gegee is in die elemente van die sakrament van die Heilige Nagmaal.

Antwoorddiens:
Gebed.
Liefdesgawes.
Sing:Skrifberyming 5 – 4 vers 1, 3, 5 en 6

Wegstuur:
Groetseën.
Sing: "*Amen" Skrifberyming 10 - 2*

TWEEDE DIENS:
Tyd: 10:00
Gelei deur Ds. Franscois Pretorius

Lofprysing:
Votum en Groetseën
Lofsang:Psalm 119 – 1 vers 3 en 4

Woorddiens:
Gebed.

Sing: Psalm 32 – 1 vers 1 en 2
Skriflesing: Psalm 103 vers 1 tot 22
Fokusvers: Psalm 103 vers 12
Heidelbergse Kategismus: Sondag 21

Psalm 103 vers 12 (NAV)

So ver as die ooste van die weste af is,
so ver verwyder Hy ons oortredinge
van ons af.

Psalm 103 vers 12 (OAV)

""So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons."

Tema: Die afstand na my sonde.

In ons nabetragtigingsdiens vanogggend is die fokus op die sonde. Spesifiek op die nabyheid van die sonde aan die gelowige. Ons teksgedeelte kom uit die lofveheffing gedeelte van die nagmaalsformulier . In verband hiermee, gaan ons die plek van sonde in die lewe van die gelowige ondersoek. Want dit is veral hierdie plek wat verander tydens ons verlossing in die Here. Hierdie verandering is

ook wat ons gedenk tydens die gebruik van die nagmaal. Kom luister weer opnuut wat Psalm 103 hier-oor sê vanoggend.

Antwoorddiens:

Gebed.
Liefdesgawes.
Sing:Skrifberyming 2 – 4 vers 1 en 3

Wegstuur:
Groetseën.
Sing: "*Amen" Skrifberyming 13 – 2*

LIEF & LEED

Dit is baie belangrik dat elke gemeentelid ons laat weet van hartseer en vreugdes in julle lewe, sodat die gemeente daarvan kennis kan neem en vir julle in hul gebede aan die genesende hand van ons Hemelse Vader kan opdra.

Daar is geen lief en leed ontvang nie.

HUUR VAN TAFELS EN STOELE

Huur van Kerk tafels en stoele: Ons verhuur die kerk tafels teen R50 stuk en stoele teen R10 stuk per dag. Dit gaan vir die kerk fondse. Indien u belangstel kontak:
Magda Labuschagne by 083 675 138

VANAF DIE DIAKONIE

Daar is brikette en houtskool te koop by die diakonie.**Die koste is R40 per 4kg sak** Gratis aflewering as u meer as 5 sakke koop.Fondse is om die Kerkkas aan te vul Ondersteun hulle asseblief.
Kontak persone:
Thinus 082 521 4930

NIE-BEDERFBARE PRODUKTE

Diakens vra vir nie-bederfbare goedere vir behoeftige gesinne. Sit dit asb in die houer agter in die kerk.

BREI EN HEKEL

Ons brei en hekel Donderdae na bybel-studie in die saal. Enige iemand is welkom. Geen ondervinding en patrone is nodig nie. Ons hekel of brei sommer net blokkies wat vir 'n kombers gebruik gaan word.
Vra Nicolene vir meer inligting.



SUSTERS
Fondsinsameling:

Lemonade 500ml
Konsentraat: @R35
(Maak ongeveer 2.5 liter sap)
Skakel Nicolene 0824638297
Vars Suurlemoensap is ook beskikbaar @ R15.

VERJAARSDAE

(19 Mei 2024 tot 24 Mei 2024)

20 Mei
Miry Ferreira

Zandri van Tonder
24 Mei

***60-69, **70-79, ***80-89, ****90-99**

PREDIKANT:	KERKKANTOOR:	KOSTER:
Ds. Franscois Pretorius Sel. 060 494 3918 E-pos: soois82@gmail.com (persoonlik)	**Sr. Anna de Waal** Tel: 015 781 0353 (H) Sel. 082 936 5700 (kantoor) E-pos: admin@gkphalaborwa.org.za	**Sr. Magda Labuschagne** Sel: 083 675 1381
SAMESTELLERS VAN DIE BOODSKAPPER		
Sr. Anna de Waal Sel. 082 936 5700 E-pos: admin@gkphalaborwa.org.za	**Br. Willem le Roux** Sel: 082 570 6825 Epos: willem@maw.co.za	
BANKBESONDERHEDE - GEREFORMEERDE KERK PHALABORWA		
KERK:- **TJEKREKENING:** **ABSA 1680 340 117**	**SUSTERS:-** **TJEKREKENING:** **FNB 6211 072 1257**	**JEUG:-** **SPAARREKENING:** **ABSA 1960 945 060**
DIAKONIE:- **FNB 6263 2239 689 (GEWONE) / FNB 6263 2242 541 (HULP-FONDS)** E-pos:diakonie@ gkphalaborwa.org.za		
GK PHALABORWA WEBTUISTE / GK PHALABORWA FACEBOOK BLAD: www.gkphalaborwa.org.za / http://www.facebook.com/gkphalaborwa		